# IS KLERKSDORP DIE OUDSTE DORP IN TRANSVAAL?

*Prof. G.N. van den Bergh*
*Departement Geskiedenis, PU vir CHO, Potchefstroom*

As uitlopers van die Voortrekkerbesetting van die Transgariep, Transvaal en Natal sal die vroeë dorpe in dié geweste sekerlik hul geskiedenis tydens die ophandesynde honderd-en-vyftigjarige herdenking van die Groot Trek vier. Die stadsvaders van Klerksdorp het reeds so 'n voorneme uitgespreek.[1]. Die aankondiging het gepaard gegaan met die opspraakwekkende aanspraak dat Klerksdorp, en nie Potchefstroom nie, die oudste dorp in Transvaal is. Die aanspraak word ondersteun deur 'n ondersoek wat mnr. Roelf Marx, kurator van die Klerksdorpse Museum, in dié verband onderneem het.[2] Die bevindinge, wat hoofsaaklik op gepubliseerde herinneringe van ou inwoners van Klerksdorp berus, dui op 1837 as oorsprongsdatum van die nedersetting op die plaas Elandsheuwel aan die Schoonspruit. Volgens mnr. Marx is dit terselfdertyd die stigtingsdatum van Klerksdorp. Hierdie artikel ondersoek die houbaarheid van die bewerings dat die Elandsheuwelnedersetting uit 1837 dateer en die vorm van 'n dorp aangeneem het.

## DATERING VAN DIE ELANDSHEUWELNEDERSETTING

Die enigste bronne wat 1837 as vestigingsdatum aangee, is herinneringe wat tussen 1884 en 1939 aangeteken is, dus ongeveer 'n halwe tot 'n volle eeu na die vermeende stigting. Herinneringe wat oor so 'n lang tyd terugreik, is natuurlik feilbaar en nie altyd eerstehands nie.

Die getuienis van mnr. Frikkie Ernst is so 'n geval. Hy het in 1939 verklaar[3] dat sy eggenote se oupa, Hendrik Jacobus van der Merwe, hom twee weke na die ontstaan van die Elandsheuwelnedersetting, op die plaas Buisfontein naby Klerksdorp gevestig het. Staatsprokureur James Buchanan het in 1874 na 'n dispuut oor die eiendomsreg van die plaas bevind dat Van der Merwe Buisfontein teen 1851 reeds 14 jaar lank besit het. Dit dui op 1837 as oorsprongsdatum van die nedersetting te Elandsheuwel. Die verklaring rym egter nie in alle opsigte nie. Buchanan meen naamlik dat Buisfontein reeds op 6 Junie 1838 opgemeet is, dus voor die besetting van Transvaal deur Hendrik Potgieter. In 'n beëdigde verklaring beweer Jacob de Klerk (na wie Klerksdorp vernoem sou word en een van die eerste setlaars op Elandsheuwel) dat hy lid was van die inspeksiekommissie wat Buisfontein opgemeet het en dat die besetting deur Van der Merwe nie voor Maart/April 1839 plaasgevind het nie.[4] Hierna volg bewysbare gebeure in logiese volgorde: Op 3 Junie 1939 is die plaas by dieselfde De Klerk wat deur die Natalse Volksraad as landdros van die hele "Overbergse" gebied aangestel is,[5] geregistreer[6] volgens goedgekeurde voorskrifte.[7] Op 22 Junie het Van der Merwe sy registrasiefooi betaal,[8] maar die plaas is nie voor 18 Maart 1841 vir die eerste keer geïnspekteer en opgemeet nie.[9]

Sou Ernst se inligting wat die besetting van Buisfontein en Elandsheuwel met mekaar koppel, dus korrek wees, plaas bogenoemde gegewens die onstaan van die Elandsheuwelnedersetting in Februarie/Maart 1839.

'n Verdere bron wat die stigting van Klerksdorp voor dié van Potchefstroom aangee (dit wil sê voor November/Desember 1838), is 'n memorie[10] uit 1884 waarin 'n aantal ou inwoners Klerksdorp bestempel as die oudste dorp in Transvaal. Volgens een van dié ondertekenaars, Barend Hermanus Schwartz, was Klerksdorp egter "nooit geen dorp verklaart" nie.[11]

'n Laaste koppeling met 1837 is te vinde in die bekende werkie *Voortrekkerdorp* wat in 1939 as 'n manuskrip deur 'n ou inwoner van Klerksdorp, Herman Guest, nagelaat is. Hy verklaar onder meer dat een van die oorspronklike nedersetters in 1892 die jaar 1837 as besettingsdatum van Elandsheuwel genoem het.[12] Guest meen egter dat dié datum nie met sekerheid te bepaal is nie en bloot op plaaslike oorlewering berus.[13] Elders praat hy van "1837 or 1838".[14]

Kennelik kan bronne van dié aard nie bo alle twyfel aanvaar word nie. As vertrekpunt na 'n meer betroubare datering kan die Schoonspruitnedersetting vervolgens geprojekteer word teen die agtergrond van sekere kennis oor die ontplooiingsgeskiedenis van die Groot Trek noord van die Vaalrivier in die algemeen. Dan moet aanvaar word dat die toekomstige Schoonspruiters lede was van die Potgietertrek (anders sou hulle Natal toe gegaan het). Dit beteken dat hulle teen die middel van 1837 òf naby Thaba Nchu, òf aan die Vet/Sandrivier, òf by die Suikerbosrand moes wees. Teen die einde van daardie jaar sou hulle nog by Thaba Nchu of the Suikerbosrand gewees het, dus in die Oos-Transgariep. Dit is om twee redes onwaarskynlik dat hulle reeds die Schoonspruitgebied sou betrek het.

Eerstens het die gebied tussen die Vet- en Vaalrivier in dié tyd aan Makwana, opperhoof van die Bataung behoort en was die toegang tot die Schoonspruit uit daardie rigting versper. Die gebied is eers in Junie 1838 deur Potgieter deur 'n ruilooreenkoms in besit gekry. Daarnaas was die Matebelegevaar voor November 1837 eenvoudig te groot, veral ten opsigte van Schoonspruit. Die naaste gevestigde laers was ruim 200 km van Schoonspruit geleë, deels uit vrees om te na aan die Matebelekrale aan die Groot Marico te beweeg. Schoonspruit was juis op die roete van Mosega na al die genoemde Voortrekkerlaers en is reeds in 1836 deur die Matebele-impies gebruik op pad na die Suikerbosrand en Vegkop. 'n Nedersetting te Schoonspruit sou in 1837 nader aan die Matebeles as aan die ander Voortrekkers gewees het.

1 *Beeld*, 25.5.1985 : bylae.
2 R. MARX, Wanneer is Klerksdorp gestig?, *Oorvaal Museanuus* 11(4), Desember 1984, pp. 12-13.
3 *New Klerksdorp Record*, 12.5.1939.
4 Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), A.336 Mev. G.C. Ernst-versameling.
5 *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal no. 1: Notule van die Natalse Volksraad 1838-1845* (Pretoria, 1958) (hierna *Natal 1*), p. 17.
6 TAB, A.336.
7 *Natal 1*, p. 16.
8 TAB, A.336.
9 *Ibid.*
10 MARX, *op. cit.*, p. 13.
11 TAB, S.S. 1289, p. 63 : R.5131/86.
12 H. GUEST, *Voortrekkerdorp: a history of the town of Klerksdorp*, (Klerksdorp, 1945) p. 28.
13 *Ibid.*, p. 27.
14 H. GUEST, Once the battleground of warring Native tribes — Klerksdorp's rise to fame, *Africa revealed by picture and word* 4(1), Augustus 1937 : Bylae *Klerksdorp, 1837-1937*, p. k11.

Dit is vervolgens belangrik om die hoogs moontlike datering van die Schoonspruitnedersetting na te gaan. Op sy tweede strafekspedisie teen die Matebeles het Potgieter vertrek van sy hooflaer wat waarskynlik aan die Suikerbosrand geleë was (die eerste ononderbroke verblyfplaas van die Voortrekkers noord van die Vaal). Hy het sy walaer opgeslaan aan die Schoonspruit naby Hartebeesfontein,[15] en met slegs sy krygers verder gegaan om die Matebeles in die sogenaamde negedaagse slag (4 tot 12 November 1837) te verslaan en uit Wes-Transvaal te verdryf.

Elandsheuwel is in die onmiddellike omgewing waar Potgieter sy laer getrek het, geleë. Indien dit toe reeds beset was, sou Potgieter sekerlik sy walaer dáár getrek het met die oog op beter beskerming. Ook die buitverdeling na die slag sou waarskynlik dáár plaasgevind het en nie by die onbewoonde Deelkraal nie. Potgieter moes inderdaad nagenoeg 40 man by die laer agterlaat om die laer wat ongeveer twee weke daar vertoef het, te bewaak. Hier was dus 'n gulde geleentheid om die loop van die Schoonspruit te verken en dit was bes moontlik as gevolg hiervan dat die besluit geneem is om die gebied later te beset. Andries Pretorius wat in die walaer teenwoordig was, het dié wêreld pas daarna as pragtig beskryf.[16]

Die terugtog was stadig en is verder deur die buitverdeling by Deelkraal vertraag. As boonop in ag geneem word dat die voornemende setlaars tyd nodig gehad het vir beplanning en voorbereiding vir die verskuiwing van die Suikerbosrand na Schoonspruit en dat die tog self nie te vinnig kon gevorder het nie, kan die vroegste datum van aankoms dus op Januarie 1838 gestel word, dit wil sê twee maande nadat die Matebeles verslaan is. Dit sou dieselfde tyd wees toe Maritz wat haastig van die Suikerbosrand na Natal getrek het, vir seker aan die bolope van die Tugela aangekom het.

Die nederlaag en verdrywing van die Matebeles het steeds nie die weg vir nedersetting geheel en al oopgelaat nie. Onmiddellik na die negedaagse slag is 'n groot gedeelte van die weerbare manne wat in die Transgariep agtergebly het na die vertrek van die Retief- en Uysgroepe na Natal, naamlik die Maritzmense en die Potgieterkommando, ook Natal toe. Dit het die oorblywende Trekkers wes van die Drakensberge in die Thaba Nchu- en Suikerbosrandgebied te swak gelaat om verdere verspreiding te regverdig, veral na die afgeleë Wes-Transvaal. Eers na sy terugkeer uit Natal in Mei 1838 het Potgieter doelbewus voorbereidings begin tref vir 'n verskuiwing na die gebied noord van die Vaalrivier. As eerste hipotese geld dus dat 'n besetting van die Schoonspruitgebied voor Junie 1838 onwaarskynlik was as gevolg van die bestaan van die militante Matebelemag in Wes-Transvaal, die onsekere toegangsweg deur Bataunggebied (waar Potgieter goeie en wettige besitreg wou verkry), die uitdunning van die Voortrekkermag wes van die Drakensberge tot Mei 1838 en die algemene beplanning-, verkenning- en verhuisingstrategie van Potgieter.

Kontemporêre dokumentasie maak eweneens skaars 'n bydrae tot 'n juiste datering. Die eerste verwysing na die bestaan van die Elandsheuwelgemeenskap is te vinde in 'n ietwat kriptiese inskrywing in die Natalse Volksraadsnotule wat dui op besluite (wat verlore gegaan het) van omstreeks 9 Maart 1840: "Mooy Rev(ier) en Schoonspruyt tot zaayengen bepaald".[17] Wat hier ter sake is, is dat die gebied in dieselfde asem met Mooirivier genoem word. Dit bewys minstens dat die Schoonspruitnedersetting teen Maart 1840 reeds bestaan het en 'n fisiese ooreenkoms met Oude Dorp (Potchefstroom) moes vertoon het.

Die eerste bron oor die bestaan van die Elandsheuwelnedersetting wat opgespoor kon word, is 'n verslag van 'n inspeksie wat op 6 Junie 1841 deur P.D. du Preez en J. Botha uitgevoer is.[18] Dit meld dat die noordelike helfte van die plaas (tans dié deel van Klerksdorp noord van Hoofrifweg) in besit van Hendrik Grobb(e)laar was. Die suidelike helfte van die plaas was toe reeds deur die vorige eienaar, C.M. du Plooy (jr.), afgestaan aan twaalf gesinshoofde wie se name vermeld word. Die dokument werp ongelukkig nie afdoende lig op die aard van die nedersetting van die twaalf gesinne nie. Dit sê slegs dat die gedeelte van die plaas aan hulle afgestaan is "tot zaiyying [sic] en voor den zelfden geinspekteerd" is.

## DIE AARD VAN DIE ELANDSHEUWELNEDERSETTING

Die woord "erf" is van 1849 af (meer gereeld in 1886 en 1887 toe dorpstigting ophande was) vry algemeen aan die vroegste nedersettingsfase gekoppel. Alternatiewe begrippe waarmee die nedersetting beskryf is, is "zaayying", saailande en landerye.

Die vraag is of die woord "erf" op die bestaan van 'n dorp dui. Die eerste aanduiding hiervan is te vinde in 'n dokument uit 1849. Dit vermeld die verruiling van "een stukkie gront omtrent een erf . . .Gelegen van de pla(a)ts Eiylansheuvel an Schoonspruit."[19] In die registers van die landdros van Potchefstroom[20] is 'n aantal transportbriewe van "erwe" te Klerksdorp waarvan die oudste gedateer is 14 Desember 1854.

Hoewel inspeksieplanne van die nedersetting waarskynlik in 1841, 1850 en 1871 gemaak is,[21] kom die datum Mei 1889 voor op die vroegste oorblywende kaart wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek gevind kon word.[22] Dit bevat genoeg inligting om die aard van die oorspronklike "erwe" te identifiseer. Dit toon 24 erwe wat toe reeds in 54 standplase suid en 41 noord van Roosheuwel verdeel is. Hulle lê aan weerskante van 'n enkele kronkelende straat — die ou transportpad van Potchefstroom na Kimberley — wat vandag Hendrik Potgieterstraat heet. Die standplase is in die beskutte gebied net oos van die hoë grond geleë. Uit die kaart blyk dit dat die nedersetting aanvanklik vir ongeveer drie kilometer langs die rivier se regteroewer gestrek het en tussen die oorspronklike nedersetters verdeel was. Elke plot was nagenoeg 300 meter breed en, afhangende van die kronkels in die rivier, tot 600 meter lank. Teen 1859 was daar minstens 19 eienaars[23] en in 1881 ten minste 22.[24] Die grootte van die erwe het teen dié tyd gewissel van een tot sewe hektaar. Vandag nog vertoon Ou Dorp onmiskenbaar die uitleg van die oorspronklike nedersetting.

Tot so laat as die jare tagtig was daar nie sprake van dorpserwe nie; daarvoor was hulle te onreëlmatig en te groot.

15 C. POTGIETER en N.H. THEUNISSEN, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter* (Johannesburg, 1938), p. 83.

16 C.F.J. MULLER, Andries Pretorius se verkenningstog gedurende Oktober 1837 tot Januarie 1838. . ., *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 1(1), Maart 1961, p. 6.

17 *Natal 1*, p. 38 : artikel 12.

18 TAB, S.S.1289, p. 113 : R.582/87.

19 H.S. PRETORIUS en D.W. KRUGER (reds.), *Voortrekkerargiefstukke 1829-1849* (Pretoria, 1937), p. 390.


20 TAB, Landdros Potchefstroom, Band 57 (Transportaktes) en Band 296 (Register van erwe Oude Dorp Klerksdorp).

21 TAB, S.S.1289, p. 86 : R.5131/86.

22 TAB, S.1/21.

23 TAB, Landdros Potchefstroom, Band 296 (Register van erwe Oude Dorp Klerksdorp) en Band 341 (Indeks belastingregister erwe Klerksdorp).

24 *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 20.10.1881, p. 157.



Ingespekteerd op 6de Juny 1841.

Voor den Burger Hendrik Grobbelaar de plaats de Elands heuvel gelegen aan Schoonspruit van de midden punt oerkrygs. een Uur gang aan de Noordooste Kant tot aan de Zuid ooste Kant.–

Van de midden punt tot aan de Noord-ooste Kant een half Uur gang en naar de ooste Kant een Uur gang de gemelde plaats in drie punten opgemeten.

Van den midden punt van de plaats de Elands heuvel geinspekteerd op de 6 Juny 1841 naar de Zuid weste Kant een half Uur gang reeds afstand gedaan van aan alvorige per zoeker C. A. du Plooy jun aan den onder= volgenden perzoonen tot Zaiging en voor den zelfden geinspekteerd.

Als volg J. L. du Preez J. C. van Staaden. G. L. Voos. J. T. Voos. J. J. Vanderen. Petrus Pretorius. P. D. du Preez. David Jacobs. Johannes Voos. Abraham de Klerk. C. A. du Plooy Jacob de Klerk J C W. Zoon.

Als Inspekteurs P. D. du Preez Gaarten Botha

Extract uit de Inspektie Boek.

H. S. Lombard Landdrost

*Kopie van inspeksieverslag oor Elandsheuwel, Junie 1841.*

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK (S.S.1289, p. 113)

Voortrekkers nie 'n ongewone verskynsel nie en plaas die Schoonspruitnedersetting in dieselfde kategorie van bevolkingskonsentrasies wat in die vroeë jare veertig ook by die Apiesrivier, die Magaliesberge, Marico, die Mooirivier en Suikerbosrand aangetref is.[30] Die mense van die Schoonspruitnedersetting het hulle redelik naby mekaar gevestig, met saailande in smal stroke teen die rivier en die watervoor wat sowat 500 meter uitmekaar gelê het.

Die gebruik het kennelik vroeg reeds, indien nie uit die staanspoor nie, bestaan om die saailande, waar die geboue ook gestaan het, as privaat eiendom te beskou met reg tot erflating en verhandeling. Die reeds vermelde verruiling van grond in 1849 kan as voorbeeld hiervan beskou word. Die oorblywende grond verder wes van die hoë grond is bes moontlik as die gemeenskaplike besit van die eienaars beskou en as meent of weiveld gebruik.

Dat sulke erwe in werklikheid relatief groot was, blyk verder uit die pryse wat daarvoor betaal is — tot 2 000 riksdaalders, teenoor die sowat 300 riksdaalders vir gesogte erwe in Potchefstroom. Dit is ook opmerklik dat Potchefstroomse erwe straatnommers gehad het, terwyl in Klerksdorpse transaksies bloot van "erf" sprake was.[31]

Die nedersetting het sy landelike voorkoms behou. Ná die 1841- en 1850-opmetings is steeds gepraat van "stukken gronds uitgegeven als zaailanden"[32] om die Schoonspruitnedersetting te beskryf. Die genoemde sketskaart uit ongeveer 1887 dui slegs 5 opstalle aan.[33] Nog in 1866 meld die *Transvaal Argus* (wat in Potchefstroom gedruk is) dat "Klerksdorp on the river Schoonspruit. . . can hardly be called a village as [it] consists mostly of a number of farms lying together".[34] Hier is dus duidelik van verskillende klein landerye op een groot plaas sprake.

Dorpserwe in alle ander vroeë Voortrekkerdorpe was hoogstens een hektaar groot, dit wil sê ongeveer een twaalfde van die grootste oorspronklike Schoonspruiterf.

Word vervolgens na die alternatiewe naam "zaayying"/ "zaaien" gekyk, kan 'n meer akkurate beeld van die aard van die nedersetting gevorm word. Dié woorde is reeds in die Natalse Volksraadsnotule van 9 Maart 1840 gebruik en weer in die opmetingsverslag van 1841. 'n Latere Engelse weergawe van hierdie verslag vertaal die woord "zaaien" as "for ploughing".[25] In 1887 is die oorspronklike besettingsopset as "zaailanden"[26] bestempel, terwyl 'n sketskaart uit omstreeks dieselfde jaar weer na die gebied as "landerijen"[27] verwys.

Die bedoeling met die besetting van 9 420 hektaar[28] van die suidelike deel van Elandsheuwel was dus boerdery. Origens blyk dit dat volgens oorspronklike reëlings, die nedersetting gemeenskaplike besit sou wees. 'n Bekendmaking in 'n uitgawe van die *Staatscourant* van 1881 is opgestel deur 22 "eigenaren van de plaats genaamd Klerksdorp".[29] Sodanige gesamentlike besit van 'n plaas was onder die

## STATUS VAN DIE ELANDSHEUWELNEDERSETTING

Hierbo is aangedui dat Elandsheuwel 'n boerdery was met 'n groot aantal eienaars wie se huise vir besproeiingsdoeleindes redelik naby mekaar geleë was aan of by 'n vroeë pad wat na Potchefstroom gelei het. Behalwe vir die argumente oor die digtheid van die nedersetting moet vasgestel word of daar enige ander argumente bestaan dat dit as 'n dorp beskou of gereken kan word.

[25] TAB, S.S.1289, pp. 182 en 191.
[26] *Ibid.*, p. 86 : R.5131/86.
[27] TAB S.3/254.
[28] *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 17.8.1887 : Volksraadnotule van 14.7.1887, artikel 1092.
[29] *Ibid.*, 20.10.1881, p. 157.
[30] F.J. POTGIETER, Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 21(2), 1958, p. 34 e.v.
[31] TAB, Landdros Potchefstroom, Band 57 (Transportaktes).
[32] TAB, S.S.1289, pp. 87 en 91 : R.5131/86.
[33] TAB, S.3/254.
[34] *Transvaal Argus*, 26.6.1866.

Terwyl geen verwysings (argivaal of andersins) gevind kon word dat Klerksdorp as 'n dorp aangelê of beskou is nie, is daar 'n oorvloed van getuienis dat Potchefstroom die eerste Voortrekkerdorp was.[35] Dit was sedert Mei 1836 alom bekend onder die Voortrekkers dat Potgieter hom voorgeneem het om 'n dorp oorkant die Vaalrivier te stig. Dit sou as administratiewe en handelsentrum dien. Dit is onlogies dat van sy eie ondersteuners met hom in die verband sou meeding. Daar bestaan ook geen getuienis van 'n ander noodsaaklikheid vir die stigting van 'n tweede dorp onder die relatief klein aantal Transvalers nie. Die onlogiese word ook weerspieël in die nabyheid van Klerksdorp aan Potchefstroom. Waar daar dus oor die vroeë ontstaan en status van Potchefstroom geen twyfel bestaan nie, is daar geen getuienis oor Klerksdorp voor 1850 nie. Kan dit wees dat 'n dorp, knap 50 km van Potchefstroom af, bestaan het sonder dat iemand dit as sodanig herken?

Dit val dan ook op dat dié geweste nie in amptelike korrespondensie figureer onder omstandighede waar vermelding van 'n betekenisvolle sentrum verwag sou word nie. So byvoorbeeld het Potgieter, nadat hy sy setel na Ohrigstad verskuif het, nooit in sy opdragte aan inwoners van Wes-Transvaal melding van Schoonspruit gemaak nie.[36] Ook is Schoonspruit nie ingesluit in die gebiede waar Potgieter in 1842 die Natallers se oproep om steun teen die anneksasie van Natal laat afkondig het nie.[37] Ds. A. Murray (die jonge) wat in 1850 na die "dorp aan de Schoonspruit" verwys het, het toe hy kort daarna weer 'n reis na Transvaal beplan het, Klerksdorp as onwaardig van 'n tweede besoek beskou.[38] 'n Kaart van die Oranjerivier-Soewereiniteit uit omstreeks 1854 dui Potchefstroom en selfs die klein nedersetting Vierfontein, 30 km van Klerksdorp en suid van die Vaalrivier aan, maar nòg die Elandsheuwelnedersetting, nòg die Schoonspruit.[39] Meer opvallend nog is die weglating van dié nedersetting in die 1854-kaart van J. Stuart, 'n kenner van die vroeë Transvaal. Sy kaart van die gebied toon wel die dorpe Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg en Ohrigstad, asook die nedersettings by Soutpansberg, Groot Marico en die Suikerbosrand aan.[40]

Indien gelet word op die frekwensie van vermelding in gepubliseerde regeringstukke tot 1850 van die verskillende gemeenskappe in die uitgestrekte vroeë distrik Potchefstroom, kom die naam Potchefstroom 110 keer voor, Rustenburg 71 keer en Marico 25 keer. Daarteenoor word Schoonspruit ses keer vermeld terwyl daar geen verwysings is na Elandsheuwel nie.[41] Schoonspruit was egter nie in obskuriteit gedompel nie want ná 1842 word die naam as 'n bekende verwysingspunt gebruik.[42]

## DORPSTATUS

Aangesien daar geen argivale bronne is wat die status van Klerksdorp voor 1887 as dorp bevestig nie, maar afdoende stof wel bestaan oor ander vroeë Voortrekkerdorpe, is dit nodig om ondersoek hierna in te stel ten einde 'n algemene raamwerk oor vroeë dorpsontwikkeling onder die Voortrekkers te formuleer sodat die ontwikkeling van Klerksdorp gemeet kan word.

### *Voortrekkerdorpstigting*

Word die ontstaangeskiedenis van agt dorpe in die Transgariep, Transvaal en Natal, naamlik, Winburg, Potchefstroom, Ohrigstad, Rustenburg, Lydenburg, Schoemansdal, Pietermaritzburg en Weenen (wat almal teen 1850 gevestig was), vergelyk, is die ooreenkomste merkwaardig. Almal is byvoorbeeld op bestaande plase aangelê. In die meeste gevalle was die plase ook die middelpunt van 'n reeds bestaande gemeenskap en 'n aansienlike konsentrasie Voortrekkers. 'n Verdere kenmerk was die behoefte aan 'n kerkgemeente, dus om as "kerkplaats" erken te word. (Wat dit betref, verskil die Elandsheuwelgemeenskap nie wesenlik van die ander nie, maar daarby eindig die ooreenkoms).

Naas die behoefte aan 'n selfstandige gemeente, het die inwoners van die betrokke gebied die regering ook uitdruklik versoek om dáár 'n dorp aan te lê. 'n Formele Volksraadsbesluit te dien effekte het gevolg en een of meer plase is vir die doel deur die staat bekom, gewoonlik deur dit van die eienaars te ruil. Vervolgens is 'n regeringskommissie benoem om die hele gebied te inspekteer. Die gekose terrein is geproklameer, opgemeet en begrens om voorsiening te maak vir onder meer erwe (in reëlmatige blokke), strate en openbare en kerkpleine. Bepaalde erwe of blokke is uitgehou vir regeringsgebruik. Die erwe is genommer en per openbare veiling verkoop. Mettertyd is 'n landdros en mindere amptenare aangewys, Volksraadslede verkies, openbare geboue, woonhuise en 'n kerk opgerig en winkels geopen. Spoedig het 'n geordende, dorpslewe gevolg en ten slotte is distriksgrensbakens aangeteken. Al hierdie gebeure is deeglik in amptelike stukke gedokumenteer. Dit was die geval met Winburg,[43] Fauresmith,[44] Ohrigstad,[45] Rustenburg,[46] Lydenburg,[47] Pietermaritzburg,[48] Weenen[49] en Marthinus Wesselstroom.[50] Dit was (ten opsigte van die verkenning en opmeet van erwe en die amptelike beslag en opset van die aanleg) in hooftrekke ook die geval met Potchefstroom se Oude Dorp[51] en in alle opsigte met die verplasing na die nuwe dorp in 1841.[52]

Geen sodanige besluit tot dorpstigting of gegewens met betrekking tot die uitlê en aanlê van strate, blokke, pleine, besighede of bestuur kon ten opsigte van Klerksdorp gevind word nie. Eers in die jare vyftig is die bestaan van "erwe" (waaraan reeds aandag geskenk is) bo alle twyfel bevestig.

35 Byvoorbeeld die verslag van die Britse agent by D.J.P. HAASBROEK, *Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838-1881* (M.A., PUvCHO, 1955), p. 4; kyk ook POTGIETER en THEUNISSEN, *op. cit.*, p. 83; A.J.N. VAN DER WALT *et al.*, *Potchefstroom, 1838-1938* (Johannesburg, 1938), p. 126; J. STUART, *De Hollandsche Afrikanen en hunne republiek in Zuid-Afrika* (Amsterdam, 1854).

36 PRETORIUS en KRUGER (reds.), *op. cit.*, pp. 192 en 344.

37 *Ibid.*, p. 158.

38 G.B.A. GERDENER, *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep* (Kaapstad, 1930) p. 555.

39 TAB, S.3/1207.

40 STUART, *op. cit.* : kaart.

41 *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 1 : Notule van die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1842-1850* (hierna *Transvaal 1*); *ibid.*, no. 2 (1851-1854) (hierna *Transvaal 2*) en no. 3 (1855-1858; kyk ook *Natal 1*.

42 PRETORIUS en KRUGER (reds.), *op. cit.*, p. 158; ook pp. 162 en 398.

43 L.B. VAN DER WALT en S.J. BOTHA, *Die ontstaan en groei van Winburg* (Bloemfontein, 1952) pp. 8-9.

44 GERDENER, *op. cit.*, pp. 98-99.

45 Transvaal 1, p. 13; A.P. VAN DER MERWE, *Die voor-geskiedenis van die Republiek Lydenburg* (M.A., U.P., 1941), pp. 25-26.

46 *Transvaal 1*, p. 113.

47 *Ibid.*, p. 345.

48 A.F. HATTERSLEY, *Pietermaritzburg panorama : a survey of one hundred years of an African city* (Pietermaritzburg, 1938), pp. 1-19.

49 *Natal 1*, pp. 38, 45, 57, 58 en 126.

50 TAB, U.R.1 : 11.1.1859, artikel 5(ii).

51 *Transvaal 1*, pp. 125-126; D.J.P. HAASBROEK, Potchefstroom, waar kry jy daardie naam?, *Contree* 3, Januarie 1978, p. 25.

52 *Transvaal 1*, pp. 125-126 en 317; *Natal 1*, p. 17; GERDENER, *op. cit.*, p. 536.

Alle vroeë Voortrekkerdorpe het dus die volgende kenmerke geopenbaar:

* Hulle is doelbewus en deur regeringsbesluit as dorpe gestig om in bepaalde administratiewe behoeftes te voorsien.
* Hulle het die opset van 'n dorp gehad deurdat hulle oor die administratiewe, kerklike, opvoedkundige en besigheidsfunksies van 'n dorp beskik het.
* Hulle het die voorkoms van 'n dorp gehad deurdat hulle behoorlik in reëlmatige blokke opgemeet en begrens is en al die fisiese kenmerke van 'n dorp getoon het.
* Hulle is allerweë as dorpe erken.

Voor 1850 kon Klerksdorp op geeneen van hierdie eienskappe aanspraak maak nie. Wat bestuurstatus betref, is dit trouens 'n bekende feit dat die Schoonspruitgemeenskap dwarsdeur die republikeinse periode 'n wyk van Potchefstroom was en aan die landdros ondergeskik was ten opsigte van administrasie, finansiële bestuur, regspleging, krygsake, die uitgee en opmeet van erwe en plase en beheer oor Swartes.[53] Die hoogste regeringsamptenaar in Klerksdorp voor 1888 was die wyksveldkornet.

*Ontwikkeling van die Schoonspruitnedersetting tot dorp*

Dit lei geen twyfel nie dat Klerksdorp reeds teen 1850 nie-amptelik as dorp beskou is. Dit was egter uitsluitlik omdat dit die voorkoms van 'n dorp vertoon het. Van 1850 af is die nedersetting aan die Schoonspruit deur inwoners en besoekers as 'n dorp beskryf. Ds. A. Murray (die jonge) wat Transvaal in Oktober 1850 deurreis het, verwys na die "dorp aan de Schoonspruit".[54] In amptelike dokumente kom die naam "Klerksdorp" sedert 1850 vir die eerste keer voor, hoewel dit nog tot 1855 aan die begrip "kerkplaats" gekoppel of in aanhalingstekens geskryf word.[55] Dat die woord "dorp" in die naam verskyn, is op sigself 'n betekenisvolle aanduiding van die inwoners se nuwe siening van hul status. Die eerste winkeltjie op die dorp is egter eers in 1865 geopen[56] en die eerste kerk in 1882 in gebruik geneem.[57]

Van nog groter belang is dat in 1850 skynbaar (en vir die eerste keer) sprake van dorpsgrense is. 'n Inspeksierapport van 1887 verwys naamlik na 'n versoek van die inwoners van Klerksdorp in 1850 dat twee stukke grond "aan de dorps lijn" getrek word "van weder zijde der dorp".[58]

Dorpsregulasies is ook meermale deur die landdros van Potchefstroom vir Klerksdorp opgestel,[59] maar dit is waarskynlik dat dit uitsluitlik gehandel het oor die moeilike kwessie van watergebruik uit die Schoonspruit.

Amptelike (maar steeds onvolledige) verheffing van Klerksdorp tot dorp het nie voor 1888 geskied nie. Behalwe vir die voortgesette onderverdeling van erwe wat 'n vermeerdering van geboue en inwoners tot gevolg gehad het, was Klerksdorp tot in daardie stadium slegs nie-amptelik as dorp beskou omdat dit die voorkoms van 'n dorp gehad het.

## OU DORP EN NUWE DORP

Dit kan aanvaar word dat Mooi Rivier Dorp (Potchefstroom) wat in 1841 gestig is, 'n geheel ander dorp is as Oude Dorp (Vryburg) wat in 1838 aangelê is. Iets soortgelyks sou dan geld vir Klerksdorp, naamlik dat Nuwe Dorp, wat op 12 September 1888 geproklameer is,[60] die ware stigtingsdatum van Klerksdorp is en geen verband hou met Ou Dorp of die Elandsheuwelnedersetting nie. Nuwe Dorp het ontstaan as gevolg van goudontdekking in die omgewing sedert 1885.[61] Die toeloop van delwers het 'n behoefte aan behoorlike bestuur en behuising tot gevolg gehad. Pas toe is besluit op dorpstigting. Dit het geskied op die erkende, tradisionele wyse hierbo beskryf en op 'n terrein fisies geheel los van die bestaande nedersetting oos van die Schoonspruit.

Feit is egter dat Nuwe Dorp nie 'n natuurlike of organiese ontwikkeling van Ou Dorp was nie en dat die dorp wat in 1888 gestig is, nie by Ou Dorp ingelyf is nie, maar andersom. Die oorspronklike nedersetting het dan ook die onvleiende betiteling "Dorpsgronde van Klerksdorp" gekry.[62] Al wat die nuwe Klerksdorp aan die oue te danke het, is sy naam.

Tydens die uitgerekte onderhandelings wat die stigting van Nuwe Dorp voorafgegaan het, is telkemale herbevestig dat die Schoonspruitnedersetting nooit 'n dorp was nie, maar privaat eiendom in gesamentlike besit van die eienaars van die suidelike helfte van Elandsheuwel en niks anders as saailande was nie.[63]

Dit blyk ten slotte allerweë dat Ou Dorp en Nuwe Dorp nie hierna as 'n enkele gemeenskap beskou is nie. Soos met ander delwerye uit dieselfde tyd in Transvaal die geval was,[64] was daar na 1888 twee administratiewe strukture: 'n delwersdorp (Nuwe Dorp) wat deur 'n mynkommissaris kragtens die Goudwet bestuur is,[65] en 'n distriks- of burgerdorp (Ou Dorp) wat steeds onder gesag van die landdros van Potchefstroom gestaan het. Nie voor die huidige eeu nie sou Klerksdorp 'n administratiewe setel met sy eie distrik word en, hoewel een van die jongstes, daarmee die voorste dorp in Wes-Transvaal. ■

[53] *Transvaal 2*, p. 234, 427 en 524; TAB, Landdros Potchefstroom, Band 57 (Transportaktes) en Band 139 (Erfbelasting Klerksdorp).

[54] C. SPOELSTRA, *Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek : historisch kritisch onderzocht* (Kampen, 1915), pp. 91, 102 en 122.

[55] D.W. KRYNAUW en H.S. PRETORIUS (reds.), *Transvaalse Argiefstukke : staatsekretaris; inkomende stukke, 1850-1853)* (Pretoria, 1949), p. 54.

[56] J. ORFORD, A street called Boom, *Contree* 2, Julie 1977, p. 14.

[57] S.P. ENGELBRECHT, *Die Nederduitsch Hervormde gemeente, Potchefstroom, 1842-1942* (Pretoria, 1942), p. 47.

[58] TAB, S.S.1289, p. 121 : R.4189/87.

[59] *Gouvernements Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 12.4.1861, p. 1; ook TAB, U.R.4 : 18.1.1872, artikel 196.

[60] *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 22.8.1888, p. 485.

[61] *Ibid.*, 3.8.1887, p. 363.

[62] *Ibid.*, 6.6.1888, p. 348.

[63] Kyk hieroor die omvattende dokumentasie by R.5131/86 in TAB, S.S.1289.

[64] Kyk M.A. SCHUTTE, *Die geskiedenis van Krugersdorp 1887-1900* (M.A. PUvCHO, 1977), pp. 11-12, 18, 20 en 24.

[65] F. JEPPE en J.G. KOTZÉ (samestellers), *Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885* (Pretoria, 1887), p. 1162 (Wet 1 van 1883) en p. 1387 (Wet 8 van 1885, artikel 49).